HET JULLE DAN GEEN GELOOF NIE

[Deel 2 | **STORMSTERK**]

SKRIFLESING Mark. 4:35-41
TEKSVERS Mark. 4:40

- Ons gesels verder oor Jesus, sy dissipels en die storm.
- Ons gesels ook oor dit soos dit ons vandag raak: Jesus, ons wat sy dissipels is, en die storms wat ons beleef.

1. Jesus is by ons in ons storms

- Die dissipels het die voordeel gehad dat hulle Jesus fisies en sigbaar by hulle in die skuit gehad het toe die storm plaasgevind het.
- Dit laat my wonder oor myself: Sal ek die storms wat ek ervaar anders hanteer indien ek Jesus fisies en sigbaar by my het?
- En dan is daar onmiddellik twee waarhede wat tot my geloof 'n appèl rig:
  - Eerstens, die gesprek tussen Jesus en Thomas: Joh. 20:24-31
  - Tweedens, wat laat ons dink dat die Here nie by ons is nie, net omdat ons Hom nie sigbaar kan waarneem soos die dissipels van ouds op daardie dag in die skuit nie?
  - Matt. 28:20
  - En is Hy nie juis "Emmánuel ... dit is, as dit vertaal word: God met ons" (Matt. 1:21) nie?
  - Word ons nie juis by herhaling in die Nuwe Testament geleer dat ons Here Jesus Christus "IN" ons is en ons "IN" Hom is nie?

2. Het julle dan geen geloof nie?

- Mark. 4:40
- Om enigsins te insinueer dat dit 'n verwyt was, sou 'n aanduiding daarvan gewees het dat Jesus nie emosioneel volwasse was nie - want dit is die taal van sulke onvolwassenheid.
- Jesus het nie aan Homself getwyfel omdat die dissipels se geloof kort geskiet het nie.
- Jesus het sy dissipels gevra of hulle geen geloof het nie? As hulle ten minste net 'n bietjie geloof gehad het.
- Dit is die uitdaging waarmee ons ook soms struikel.
- Luk. 17:5, 6

3. Wat is geloof dan?

Die geloof waarna Jesus vra, beteken (Thayer 1889:e-source 1402):

a) Daardie oortuiging van die waarheid ten opsigte van die bestaan van God as synde die Skepper en Heerser oor alle dinge te wees; die Voorsiener en Gewer van ewige verlossing deur Christus.

b) Daardie oortuiging dat Jesus die Messias is, wie ons ewige verlossing bewerkstellig het.

c) Daardie oorheersende en vaste vertroue in God dat Hy by magte is om te doen ver bo wat ons kan bid of dink (Ef. 3:20).

d) Daardie onstuitbare en onwankelbare getrouheid teenoor God en sy Woord wat die geloofwaardigheid van ons oorgawe en karakter bevestig.

- Kortom, dit is die geloof wat God van ons vra.
- Die geloof dat **Hy is**: Hebr. 11:6
- Die geloof dat **Hy kan**: Hebr. 11:1
- Die geloof dat **Hy wil**: Mark. 1:40, 41
- Geloof is die waarborg wat ons bied ten opsigte van die dinge waarvoor ons God vertrou in die hoop om te gebeur.
- Ons volg Jesus se instruksie: Mark. 11:22

TEN SLOTTE ...

- Ja, waarlik, geloof in die Here maak ons stormsterk.
- Dan kan ons, soos ons Here Jesus, ten spyte van die storm vrede hê.
- Dan kan ons, soos ons Here Jesus, die vyand van ons siele bestraf - sodat die storm stil word.

PHILIP DE JAGER
Leef die Woord, 16/03/2025
2025/10

Bronnelys

Thayer, J. 1889. *Thayer's Greek Definitions*. e-Sword.